

Tooi jou tafel somers met 'n fleurige doek. Jy kan die blomme daarop borduur of dit met kleedstofverf versier. Saamgestel deur Sandra Bodenstein





GEEL BLOMME

Werk in komberssteek. Begin by middelpunt van blom en werk in die rondte. Steek naald elke keer deur middelpunt.

LAVENTELBLOMME

Werk 3 rye veersteek in 3 skakerings pers oormekaar.



PERS BOS

Werk in gebroke kettingsteek. Gebruik 2 skakerings van 'n kleur. Dit moet heelwat verskil om 'n goeie resultaat te verkry.

KORAALBLOMME

Werk in reguit steek. Vul middelpunte in met Franse knopies. Onthou om ook knoppies en halfoop blomme te maak.


JY BENODIG

Tafeldoek: Koop 'n klaar gesoomde doek of maak dit self. Gebruik goeie stof en krimp dit vooraf.

Borduurwerk: Gebruik stringkatoengare. Ons het 3 drade op 'n slag gebruik, maar jy kan meer drade vir 'n growwer of minder vir 'n finer resultaat gebruik.


MAAK SÓ

- Merk baan waarin jy gaan borduur met 2 rygels.
- Teken jou ontwerpies in verlangde grootte. Jy kan dit op dun papier natrek met afstrykpotlood en dan op kledestof afstryk of jy kan posisies net liggies met potlood merk.



PERS MADELIEFIES

Werk in madeliefiesteek. Werk eers buitekleur in groot steke. Vul dan binnekant met nog 'n madeliefie in teenstellende kleur in. Reguit steke in teenstellende kleur verskaf 'n fokuspunt.



BLOU KLOKBLOMME

Werk blomme in satynsteek en stingels in 2 skakerings groen stamsteek.

STINGELS

Gebruik enige lynsteke, soos kettingsteek, stamsteek, reguit steek, agtersteek. Kreta-steek kan ook gebruik word om gras te borduur.

KORAAL LELIES (onder)

Werk 5 oop kettingsteke om 'n middelpunt sodat lelie vorm.

Gebruik 2 skakerings: 1 vir buitekleur en 1 vir binneste blom. Vul die middel met Franse knopies.